

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Appél Nr : 26/2001

In die saak tussen:

**DIE BLOEMFONTEINSE PLAASLIKE
OORGANGSRAAD**

Appellant

en

JOHANNES JACOBUS RAUTENBACH

2de Verweerder

en

HERMAN JORDAAN

Respondent

AANGEHOOR OP:

27 AUGUSTUS 2001

—

AANGEHOOR DEUR:

HANCKE R et DANZFUSS WR

UITSPRAAK GELEWER OP:

29 NOVEMBER 2001

—

UITSPRAAK DEUR:

DANZFUSS WR

—

Respondent het aksie ingestel in die landdroshof Bloemfontein teen die

appellant (as eerste verweerder) en tweede verweerder vir skadevergoeding voortspruitend uit 'n motorbotsing waarin sy voertuig betrokke was. Om verwarring te voorkom, verwys ek na die partye soos hulle was in die landdroshof.

Dit is gemenesaak tussen die drie partye dat eiser se voertuig tydens die botsing stilstaande was en geparkeer in 'n gemerkte parkeerplek langs Voortrekkerstraat, Bloemfontein, 'n eenrigting straat met drie bane in dieselfde rigting.

Dit is verder gemenesaak tussen eiser en eerste verweerder dat 'n botsing plaasgevind het tussen die voertuig bestuur deur eerste verweerder se werknemer en die voertuig bestuur deur tweede verweerder. As gevolg van hierdie botsing het "een of albei" van die voertuie van eerste en tweede verweerders met eiser se geparkeerde voertuig gebots.

Tweede verweerder plaas hierdie bewerings ook nie in geskil nie behalwe vir die feit dat hy ontken dat die voertuig wat deur hom bestuur is met eiser se voertuig gebots het. Met hierdie een voorbehoud is die gemelde feite dus gemenesaak tussen al die partye.

Eiser beweer in sy dagvaarding dat hy nie weet welke een van die twee verweerders regtens aanspreeklik is vir sy skade en of albei van hulle gesamentlik en afsonderlik daarvoor aanspreeklik is nie.

Met steun op artikel 42(1) van die Landdroshowewet, Wet nr 32 van 1944 het die eiser altwee die verweerders gevoeg as partye tot die aksie en vorder hy sy skade van eerste verweerder alternatiewelik van tweede verweerder en in die verdere alternatief vanaf die eerste en tweede verweerders gesamentlik en afsonderlik.

Op versoek van die eiser het die verhoorlanddros bevind dat die las om te begin getuienis aanbied op die verweerders rus en wel in die volgorde waarin hulle as verweerders siteer is.

Beide verweerders se regsverteenwoordigers het die Hof meegedeel dat hulle nie enige getuienis gaan aanbied nie maar dat hulle ook nie hulle opdraggewers se

sake sluit nie. Na analogie van die beslissing **S v MAGODA** 1984(4) SA 462 (K) het die landdros toe bevind dat die verweerders se saak geag word gesluit te wees. Na my mening was dit die enigste en korrekte uitweg vir die landdros. Die houding van die verweerders was duidelik foutief. As 'n verweerder ontevrede is met die beslissing van 'n landdros met betrekking tot die plig om te begin moet hy nogtans voortgaan om getuienis aan te bied in ooreenstemming met die bevinding van die landdros. Indien hy deur die reëling van die landdros benadeel word, kan hy nadat vonnis verleen is, app_1 aanteken teen die vonnis onder andere op grond van die, na sy mening, foutiewe bevinding.

Vergelyk: **GOLD v TRADE DISCOUNT CO (PTY) LTD** 1951(3) SA 123 (T) op 125H.

ZWENI v MINISTER OF LAW AND ORDER 1993(1) SA 523 (A) op 533E.

Hierna het ook die eiser sy saak gesluit sonder om getuienis aan te bied. Die landdros het bevind “*res ipsa loquitur*” en dat dit 'n *prima facie* saak in die guns van die eiser daarstel. Omdat verweerders nie die *prima facie* bewys van nalatigheid weerl_ het nie het dit volgens die landdros, afdoende bewys geword. Aangesien die landdros by ooreenkoms tussen die partye slegs die meriete van die saak bereg het en die kwantum van die eiser se skade laat oorstaan het vir latere beregting, het hy bevind:

“Bygevolg word bevind dat die eerste en tweede verweerder se gesamentlike en gelyktydige nalatigheid die tersaaklike botsing veroorsaak het en dat hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die eiser se skade.”

Eerste verweerder het daarna per brief (en weer in sy advokaat se betoogshoofde asook in die Hof tydens die aanhoor van die app_1) die geskilpunt met betrekking tot die eiser se skade toegegee en die geëiste bedrag erken as die bedrag wat die eiser skade gely het in die botsing. Hy het dit klaarblyklik gedoen in ‘n poging om die bevinding van die landdros appelleerbaar te maak in die lig van die volbankbeslissing van hierdie Hof in **CLOETE v BOTHA** (saak 137/2000). In hierdie beslissing het die volbank van hierdie Hof beslis dat ‘n bevinding van ‘n landdroshof ten gunste van ‘n eiser met betrekking tot die meriete alleen nie appelleerbaar is nie.

Eerste verweerder het toe app_1 aangeteken na hierdie Hof teen die bevinding van die landdros.

Artikel 42(1) van die Landdroshowewet skep nie aanspreeklikheid wat andersins nie bestaan het nie. Dit verleen die reg aan ‘n eiser om meerdere verweerders te voeg in ‘n geding ongeag of die skuldoorsaak teen hulle substansieel dieselfde is of nie en ook onder omstandighede waar hy nie weet welke een regtens teenoor hom aanspreeklik is nie. Hierdie reg het hy nie gehad voor die artikel op die wetboek geplaas is nie.

Vergelyk: **JACOBS v DU PLESSIS AND OTHERS** 1950(4) SA 25 (O) op 28H-29A.

SA STEEL EQUIPMENT CO (PTY) LTD v LURELK (PTY) LTD 1951(4) SA 167 (T) op 173B.

Dit verleen dus slegs 'n prosedurele voordeel maar skep nie enige vorm van aanspreeklikheid vir sulke verweerders indien dit nie bestaan het nie. Die doel van die reël is waarskynlik om 'n vermenigvuldiging van aksies uit te skakel.

Vergelyk: **K & S DRY CLEANING EQUIPMENT v SOUTH AFRICAN EAGLE INSURANCE** 1998(4) SA 456 (W) op 462D.

Voor ons op app_1 het mnr Colditz vir die eiser, aangevoer dat 'n buiteregterlike toegewing soos wat die verweerders gemaak het met betrekking tot die eiser se kwantum van sy skade nie die bevinding van die hof wat nie appelleerbaar was nie nou appelleerbaar maak nie. Hy het submitteer dat 'n ander formele prosedure gevolg moes word wat ook behels dat die aard van die bevel verander word in 'n appelleerbare bevel.

Die huidige toedrag van sake is dus soos volg:

1. Op die pleitstukke is die omvang van die eiser se skade deur beide verweerders ontken en dus in geskil.

2. Die bevinding van die landdros soos genotuleer, is 'n blote bevinding wat op gesag van die beslissing van **CLOETE v BOTHA** nie appelleerbaar is nie. Die bevel is met ander woorde nie gewysig om die vorm aan te neem van 'n beskikking wat die uitwerking het van 'n finale vonnis soos bedoel in artikel 83(b) van die Landdroshowewet, Wet nr 32 van 1944 nie.

Tegnies en formalisties beoordeel is daar baie meriete in mnr Colditz se submitisie. So beoordeel is die bevinding nie appelleerbaar nie. Indien die app_1 egter om hierdie rede moet misluk, sal dit onder andere die volgende gevolge teweegbring:

1. Die saak sal weer voor die landdros beland om die kwantum te bereg.
2. Nadat eiser se kwantum bewys of erken is, sal die landdros sy bevel moet aanpas en die aangeleentheid sal waarskynlik weer op app_1 geneem word op dieselfde gronde (sover dit die meriete betref) as wat reeds voor ons argumenteer is.
3. Die regskoste sal tot 'n groot mate dupliseer word. Dit tref nie net die onsuksesvolle party nie maar ook die suksesvolle party sover dit prokureur en kliënt koste betref.

4. Dit is waarskynlik dat ander Regters se tyd in beslag geneem sal word deur dieselfde notule te lees en dieselfde betoë aan te hoor as wat ons reeds aangehoor het.

5. Dit sal etlike maande neem voordat die partye uitsluitel het met betrekking tot hulle geskille.

Daar bestaan tans nie meer enige geskil tussen die partye nie. Die verhoorlanddros het bevind dat die twee verweerders gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die eiser se skade.

Artikel 87(d) van die Landdroshowewet verleen aan 'n hof van app₁ die volgende bevoegdheid: